**IN DIE HOÉ HOF VAN SUID-AFRIKA**
**(WES-KAAP HOÉ HOF, KAAPSTAD)**

**SAAKNOMMER A 212/10**

**SOLLY WITBOOI** **APPELLANT**

**En**

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

---

**UITSPRAAK GELEWER OP 27 JULIE 2010**

---

**VAN DEN HEEVER WnR:**

1] Appellant het op 29 Julie 2008 in die streekshof van Oudshoorn op ses aanklagtes van huisbraak met die opset om te steel en diefstal en een klagte van besit van dagga tereggestaan.

2] Appellant was regsverteenwoordig tot op 'n laat stadium van die verhoor en het onskuldig gepleit op al die aanklagtes en 'n omvattende pleitverduideliking gelewer. Ten opsigte van Aanklag 6 het hy besit van dagga ontken en wat die ander aanklagtes aanbetref meeste van die elemente van die misdrywe erken behalwe dat hy die dader was.

3] Op 23 November 2009 is die Appellant op elke aanklag skuldig bevind en soos volg gevonnis:

- Aanklagte 1: 2 jaar gevangenisstraf;
  (huisbraak met die opset om te steel en diefstal)

- Aanklagte 2: 2 jaar gevangenisstraf;
  (huisbraak met die opset om te steel en diefstal)

- Aanklagte 3 : 3 jaar gevangenisstraf;

  (huisbraak met die opset om te steel en diefstal)

- Aanklagte 4 : 2 jaar gevangenisstraf;

  (huisbraak met die opset om te steel en diefstal)

- Aanklagte 5: 3 jaar gevangenisstraf;

  (huisbraak met die opset om te steel en diefstal)

- Aanklagte 6: 6 maande gevangenisstraf;

  (Besit van Dagga)

- Aanklagte 7: 2 jaar gevangenisstraf ;

  (huisbraak met die opset om te steel en diefstal

4] Die hof het gelas dat die vonnisse samelopend uitgedien word.

5] Appellant het op 10 Februarie 2010 suksesvol 'n aansoek om verlof om te appelleer teen beide die skuldigbevindings en vonnisse geloods;

6] Appellant kom nou in hoër beroep teen beide die skuldigbevindings en vonnisse.

7] Die Respondent het die getuienis van Inspekteur Troskie, Mev van der Bijl, Mnr van Jaarseld, Mnr Retief, Mev Schoeman, Mnr Human , Mnr Mentoor, Mnr Allers, Mnr September, Konstabel Stuurman, Mev Jacobs en Inspekteur Claassen aangebied. Die Appellant het self getuig en ook die getuienis van Inspekteer Darries en Mev Lamberts (sy suster) aangebied.

8] Dit is nie nodig vir doeleindes van beregting van hierdie appèl om hierdie getuienis weer op te som nie. Daar sal egter waar nodig na sekere gedeeltes verwys word.

9] Die skuldigbevindings op Aanklagtes 1, 2 en 4 is hoofsaaklik gebaseer op omstandigheidsgetuienis. Mev Joubert, namens die Appellant, het aangevoer dat die feit dat sekere items wat in die ander inbrake wat die onderwerp van hierdie klagtes vorm, in die stoor van Mev Schoeman gevind is, nie die landdros se bevinding regverdig dat die Appellant by hierdie plekke ingebreek het nie. Aangesien hierdie items nie in die Appellant se besit gevind is nie kan daar ook uit die omstandighede afgelei word dat 'n ander inbreker of inbrekers die perseel gebruik het om die gesteelde items te berg.

10] Ten spyte van die feit dat Appellant se verduideliking van sy teenwoordigheid in die stoor weerspreek word deur ander aanvaarbare getuienis kan die ander redelike afleiding waarna hierbo verwys word nie uitgesluit word nie en het die Respondent nie Appellant se skuld op hierdie Aanklagtes bo redelike twyfel bewys nie. [1]

11] Sekere items wat in 'n sportsak van die Appellant gevind is tydens sy arrestasie, was gesteel toe daar by Mev Schoeman ingebreek was en vorm die onderwerp van Aanklag 3. Die Appellant en Mev Lamberts se verduideliking van hoe hy in besit sou kom van hierdie items is nie aanvaarbaar nie maar in afwesigheid van verdere getuienis wat hom met die huisbraak verbind, is hy dus skuldig aan besit van gesteelde goedere op hierdie aanklag.[2]

12] Mev Joubert namens die Appellant het tereg toegegee dat die Appellant toegang tot die stoor deur die ruit gekry het en aangevoer dat hy op aanklag 5 skuldig is aan huisbraak met die opset om 'n misdryf te pleeg, aan die aanklaer onbekend. Mnr Theron namens die Respondent het aangevoer dat die toedeieningshandeling moontlik nie voltooi was nie en dat die Appellant skuldig is aan huisbraak met die opset om te steel en poging tot diefstal op hierdie aanklag.

---

[1] ***Staat v Kubeka*** **1982 (1) SA 534 (W) 537 F-H;** ***Staat v Blom*** **1939 AD 188**

[2] ***Staat v Nell*** **2009 (2) SASV 37 (C)**

13] Die getuienis van Inspekteur Troskie met betrekking tot die besit van dagga (Aanklag 6) klag was weerspreek deur Mev van der Bijl in wesentlike opsigte en die Respondent het nie daarin geslaag om hierdie misdryf bo redelike twyfel te bewys nie.

14] Wat Aanklag 7 aanbetref is daar ook nie direkte getuienis wat die Appellant met die huisbraak verbind nie. Mev Theron het ook tereg toegegee dat die Appellant op hierdie aanklag skuldig is aan besit van gesteelde goedere.

15] As algemene beginsel word daar van die standpunt uitgegaan dat die Hof van Appèl slegs met 'n vonnis sal inmeng indien daar 'n treffende, merkbare of skokkende ongelykheid bestaan tussen die vonnis wat opgelê was deur die hof van eerste instansie en die vonnis wat die hof van appèl van oordeel is, opgelê behoort te gewees het. In hierdie verband word daar, waar toepaslik, 'n onderskeid getref tussen 'n vergelyking tussen die twee vonnisse op 'n kwantitatiewe basis, byvoorbeeld ses jaar teenoor drie jaar of op 'n kwalitatiewe basis, byvoorbeeld korrektiewe toesig teenoor direkte gevangenisstraf. In beide gevalle is dit belangrik om daarop te let dat daar slegs regverdiging vir inmenging deur die hof van Appèl sal bestaan indien die hof van Appèl nie alleen van oordeel en oortuig is dat sy eie keuse van straf toepaslik is nie, maar ook dat sy keuse die toepaslike straf verteenwoordig en die straf wat die hof van eerste instansie opgelê, het totaal onvanpas is.[3]

16] In die lig van die Appellant se vorige veroordelings is daar geen grondslag hoegenaamd om met die vonnis opsie van direkte gevangenisstraf in te meng nie.

17] Gevolglik sou ek die Appèl handhaaf en die skuldigbevindings en vonnisse ter syde stel en vervang met die volgende:

---

[3] ***S v Sadler*** **2000 (1) SASV 331 (HHA)**

i. Die Beskuldigde word vrygespreek op Aanklagtes 1, 2, 4 en 6. Op Aanklag 5 word die Beskuldigde skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en poging tot diefstal. Op Aanklagte 3 en 7 word beskuldigde skuldig bevind aan besit van gesteelde goedere.

ii. Die Beskuldigde word gevonnis tot drie jaar gevangenisstraf op Aanklag 3, drie jaar gevangenisstraf op Aanklag 5 en twee jaar gevangenisstraf op Aanklag 7. Ingevolge Artikel 280 van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 word gelas dat die vonnis opgelê op Aanklag 5 gelyktydig met die vonnis opgelê op Aanklag 3 en 7 uitgedien moet word.

iii. Die vonnisse word teruggedateer tot 23 November 2009.

iv. Die Beskuldigde word in terme van Artikel 103 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens en Ammunisie onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit.

**VAN DEN HEEVER WnR**

**Ek stem saam. Dit word so beveel.**

**YEKISO R**